

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus oor Homself getuig omdat net Hy geloofwaardig is om oor homself te getuig, geen mens nie. Hy is God wat deur sy verlossingswerke van sy lyding tot sy verhoging sy eie geloofwaardigheid, waarheid en geldigheid bevestig. Geen mens se vertelling kan aan Hom as Here en God geloofwaardigheid en geldigheid gee of die waarheid oor wie Hy is bevestig nie, Daarom aanvaar die Here nooit sulke getuienisse oor hom nie. Ons getuig net deur te glo in sy getuienis oor Homself. In vandag se kerke word Christus se getuienis oor Homself nie meer verkondig nie, maar mense geleer hoe om God as geloofwaardig, geldig en waar te bemark.

Skriflesing Johannes 3: 31- 33; 5: 19, 20, 33 – 36; 8: 12 – 18, 58; 1 Joh. 5: 6 – 11.

Teks Joh. 5: 36: “Maar Ek het ’n groter getuienis as dié van Johannes: Die werke wat die Vader My gegee het om te voltooi, ja die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.”

Tema Ons getuig oor Christus nie soos Christus nie

Inleiding

Ons het vanoggend die voorreg om die openbare geloofsbelydenis aan te hoor van Soné Smit en Ewald Slabbert, en ook om aan Ewald die sakrament van die doop te bedien. Hulle openbare belydenis van geloof oor Jesus Christus word in die Skrif ook ’n getuienis genoem. Daarom gaan ons vanoggend saam kyk na wat beteken dit om te getuig en wat is getuienis volgens die Woord van God.

1. Christus is die betroubare getuie oor Homself

Jesus verklaar dat hy nie ’n getuienis oor Hom wat van ’n mens afkomstig is, aanvaar nie! Dit beteken Jesus aanvaar nie mense se getuienis oor Hom nie!

Met die eerste oogopslag kan dit klink dat Jesus nie valse getuienis van mense oor Hom aanvaar nie. Die getuienis wat Jesus hier afwys is egter nie valse getuienis oor Hom nie. Dit is volgens Jesus se eie woorde die ware getuienis oor Hom van Johannes die Doper! Jesus aanvaar nie die ware getuienis van Johannes die Doper oor Hom nie, omdat Hy geen getuienis wat van mense afkomstig is nie, ook nie dié van Johannes die Doper aanvaar nie.

Dit beteken nie dat Johannes onnodig oor Jesus getuienis afgelê het nie. God het Hom gestuur om oor Christus te kom getuig (1: 15) en om Jesus aan te wys as die Christus wie die Seun en Lam van God is. (1: 29 – 34)

Jesus egter aanvaar nie mense se getuienis oor Hom nie! Hoekom nie? Want Sy getuienis oor Homself is groter as die van Johannes die Doper. (5:36) Ons moet baie

goed begryp wat die Here met hierdie verklaring bedoel! Die Here self het verklaar dat Johannes die grootste van al die Ou Testamentiese profete was en die Elia is wat die Christus moes kom aanwys. (Mat. 11: 1 – 19), maar Hy aanvaar nie hulle, dit is die Ou Testamentiese profete, se getuienis oor Hom as getuienisse van mense nie. Sy eie getuienis is groter as hulle getuienis!

Hoekom aanvaar Jesus nie mense se getuienis oor Hom nie? Want Hy getuig oor Homself! Daarom stel Christus teenoor die Fariseërs dat “Selfs as Ek ook van Myself getuig, is my getuienis geloofwaardig omdat Ek weet waar Ek vandaan kom en waarheen Ek gaan.” (8: 14) Ook: “‘Ek is’ die Een wat van Myself getuig ...” (8: 18)

Omdat Jesus Christus die een is wat van Homself getuig word Hy in die Openbaringsboek genoem: 1. “Jesus Christus die betroubare getuie, die Eersgeborene van die dooies en die heerser oor die koning van die aarde.” (Open. 1: 5) en 2. “die getroue en ware getuie, die begin van God se skepping, ...” (Open. 3: 14)

Jesus Christus is sy eie getuie en aanvaar nie mense nie, nie die profete van die Ou Testament of ons getuienis oor Hom nie.

2. 'n Getuie moet vertel van wat Hy gesien en gehoor het!

Die woord “getuie” is 'n regsbegrip. Dit is soos getuies in die hof. 'n Getuie in die hof mag net getuienis aflê van wat hy self gesien, gehoor, self gesê en self gedoen het. Hy mag nooit getuig oor wat hy ander hoor sê of ander gesien doen het nie.

Iets wat nooit ooit as getuienis gelewer of aanvaar sal word, is hoe jy dink, hoe jy voel of hoe jy iets beleef het nie. Dit kan nooit getuienis wees nie. Dit mag nie eers gesê word in 'n hof nie en wanneer só iets gesê, word die getuie dadelik tot orde geroep en wat hy gesê het word dadelik geskrap.

Wat jy dink, voel of ervaar word nie as getuienis aanvaar nie.

Christus getuig oor Homself!

In Jesus se gesprek met Nikodemus maak die Here hierdie besondere verklaring oorsien en hoor as getuienis: “Amen, Amen, Ek sê vir jou: Ons praat oor wat ons weet, en ons getuig oor wat ons gesien het.” (3:11) Jesus self getuig oor wat Hy oor Homself gesien en gehoor het!

Daarom kan die Jode nie getuies wees nie want hulle kan nie getuig dat hulle God die Vader se stem al ooit gehoor het of God die Vader al ooit gesien het nie. (5: 37)

3. Hoe getuig Jesus oor Homself?

Deur die werke wat Hy doen! “Maar Ek het ’n groter getuienis as dié van Johannes: Die werke wat die Vader My gegee het om te voltooi, ja die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.”

Hierdie werke is alles wat Jesus doen vir ons verlossing!

- Hy is self God die Seun, die Woord waardeur alles geskep is in die begin en Hy is uit Maria as mens gebore om die Woord te wees wat mens geword het. (1:14)
- Hy is onder Pontius Pilatus aangekla, onskuldig verklaar en oorgelewer om gekruisig te word, (hoofstukke 18 en 19) en aan die kruis verhoog, sodat ons nooit veroordeel word nie maar as God se kinders aangeneem en verheerlik word.

Hierdie verlossingsdade van die Here getuig dat Hy is wie Hy is! Sy eie dade, nie mense se vertellings, menings of getuienisse daaroor nie. Selfs nie eers die apostels se vertellings oor wat hulle gesien en gehoor het van sy lyding tot sy opstanding nie!

Ons kan dit met ’n voorbeeld toelig wat ons deur die hele preek wil gebruik! Dit gaan oor wat ’n pa doen en dit wat sy kinders vertel oor wat hy gedoen het! Wanneer ’n boer nuwe lande met masjiene oopstoot, die grond met kragtige verskuiwings masjiene voorberei, watergate boor, damme bou en pyplyne aanlê, bome kweek en plant, dan is die werk wat hy doen die getuienis oor wie en wat hy as boer is.

Wanneer sy kinders dan die volgende dag by die skool kom en vir die juffrou en maatjies opgewonde vertel van wat hulle hul pa gesien doen het, gee hulle getuienis oor wie hy is of vertel hulle maar net opgewonde van die getuienis wat hy oor homself in sy werke afgelê het?

4. Daar is ’n wêreldse verskil tussen hoe die Here se werke oor Hom getuig en mense se vertellings oor hoe Hy oor Homself deur sy werke getuig. Dit is net soos die verskil tussen wat ’n boer se werke van hom getuig teenoor wat die kinders vertel oor wat hy gedoen het.

“Getuig” in die Johannes evangelie beteken 1. om die waarheid bekend te maak van wie Jesus as die Christus, die Seun van God is en wat hy as die Christus en Seun van God doen! 2. Dit beteken ook nie net om dit bekend te maak nie maar om die waarheid te laat geld van wie Hy is en wat hy doen en 3. daarom beteken dit ook om te bevestig as waaragtig!

Dit is soos met die boer! Hy gee nie met sy land-makery ’n demonstrasie van Homself nie. Hy laat geld Homself as boer deur te doen wat hy doen. Hy laat geld

die waarheid van wie hy s deur wat hy doen en só maak hy homself bekend vir wie hy is. Deur lande te maak bevestig hy die waaragtigheid van wie hy as boer is!

Kinders se opgewonde vertellings van wie hulle pa is en wat hy gedoen het, kan nooit doen wat die pa met sy eie werke doen nie. Hulle kan nie die waarheid van wie hy is bekend maak nie. Dit doen sy werke. Hulle kan nie hom geldig maak vir wie hy is en doen nie. Dit doen hy deur sy werke! Hulle probeer ook glad nie met hulle vertellings bevestiging gee oor sy waaragtigheid nie.

Dit doen hy deur sy werke self!

5. Christus se getuienis oor Homself bevestig sy getuienis.

U moet goed begryp wat se soort getuienis eis die Fariseërs van Jesus wanneer hulle hom beskuldig dat hy nie oor Homself kan getuig nie met die beskuldiging: “U getuig van uself; u getuienis is nie geloofwaardig nie.” (8: 13)

Wie moes volgens die Fariseërs Jesus se geloofwaardigheid om die Christus te kan wees en te kan doen wat die Christus moet doen, bevestig?

Dit is die werklike wrewel en woede wat hulle met hulle aantyging oor sy ongeloofwaardigheid teen Christus koester. Hulle wil en sal bevestig wie die geloofwaardige Christus is! Jesus kan nie self bevestig dat Hy die Christus is nie! Hy is nie die Christus voor hulle nie bevestiging gee dat dit vir hulle waar en geldig is nie! As dit nie vir hulle waar en geldig is dat hy die Christus is nie, dan is hy nie die Christus nie!

Hulle wou die Christus se getuies wees wat bevestig dat Hy vir hulle waarlik die Christus is! Hulle getuienis of Hy vir hulle die Christus is, moes Jesus as die Christus geloofwaardig maak!

6. Wie máák God geloofwaardig?

Christus verwerp hulle eis dat hulle die Christus geloofwaardig sal maak want mense besluit nie wie is en hoe die Christus moet wees nie. Jesus is God self wie die Christus kom word het!

God is in Homself geloofwaardig en daarom sy eie getuie! Mense kan nie God of die Christus geloofwaardig maak nie. Dit stel Johannes in 1 Joh. 5: 9: “As ons die getuienis van mense aanvaar – die getuienis van God is vir seker groter omdat dit die getuienis van God is wat hy oor sy Seun gelewe het.”

Daarom probeer Jesus Homself nie vir of teenoor die Fariseërs geloofwaardig maak nie. Hyself bevestig net dat Hy self God is wie in Homself geloofwaardig is! Jesus Christus bevestig sy eie geloofwaardigheid deur te verklaar dat Hy is wie Hy is.

Dit is wat die beteken dat Jesus nie die profete, nie Johannes, nie die Fariseërs en Jode of sy eie dissipels se getuienis as mense se getuienis oor hom aanvaar nie. Wat hulle oor Christus vertel kan Christus nooit 1. geloofwaardig maak nie, 2. nooit wie Hy is geldig maak nie en 3. nog minder bevestig wie Hy as Christus is nie.

Hulle vertellings kan net 'n getuienis' genoem word omdat dit vertel wat Christus oor Homself getuig het, dit is, 1. Wat Hyself oor Homself geloofwaardig laat wees, 2. Wat Hyself geldig maak en wat Hy van Homself bevestig.

Dit is weer soos daardie opgewonde vertelling van kinders oor wie hulle pa is en wat hy gedoen het! Hulle vertel van wat Hy gedoen het om Homself te laat geld en self te bevestig wie Hy is.

Net Christus se eie getuienis oor Homself is geloofwaardig want God is in homself geloofwaardig. Mense maak Hom nie geloofwaardig nie.

7. Christus is geloofwaardig omdat Hy self God is!

Dit getuig Christus openlik voor die Jode in die verklaring aan die einde van Hoofstuk 8:58 "Jesus het hulle geantwoord: "Amen, Amen, Ek sê vir julle: 'Ek is' al van voordat Abraham gebore is." Christus bedoel en die Jode verstaan baie goed dat met hierdie getuienis Hy verklaar dat Hy self die Here is wat in Exodus 3: 13 en 14: "Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?" Toe sê God Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."

Kan u sien hoe getuig Christus oor Homself? Hy verklaar Hy is 'Ek is!' Hy is die Here wie Moses geroep en die Israeliete uit Egipte gelei het. Daarom verklaar Jesus in 8: 18 volgens die 2020 Afrikaanse Vertaling: "'Ek is' die Een wat van Myself getuig. Dwarsdeur die Johannes evangelie verwys Jesus na Homself as 'Ek is'. Hy is God wat is wat Hy is!

Christus maak God wie 'Ek is wat Ek is', op 'n nuwe wyse bekend: God is die Vader en die Seun. So is Jesus en die Vader "Ek is wat Ek is".

Wanneer Christus dan verklaar dat die Vader van Hom getuig, dan is dit nie 'n ander getuienis as wat Christus oor Homself getuig nie. Christus wys met sy werke van sy lyding, kruisiging en opstanding dat Hy is God wat mens geword het, en die Vader getuig ook dat Hy sy Seun gestuur het om as God mens te word! (8: 18, 5: 37)

Daarom is Christus die geloofwaardige getuie deur sy werke, en niemand anders kan soos Christus oor Homself die geloofwaardige getuie wees nie: 1. Niemand kan geloofwaardigheid aan sy werk gee nie, 2. Niemand kan sy werke geldig maak nie en 3. Niemand kan sy werke as Here en god bevestig nie. Dit doen net die Vader en die Seun! Net Christus is geloofwaardig omdat Hy en die Vader God is!

8. Die Heilige Gees getuig ook! Johannes kondig dit só aan in 15: 26 Wanneer die Parakleet kom wat Ek van die Vader af aan julle toe sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader kom sal Hy ook getuig.” Die wyse waarop die Heilige Gees getuig is nie om stories te vertel of krag te gee om stories te vertel nie.

Hierdie Gees sal ons in die waarheid lei deur dit wat Hy hoor ons eie te maak.(16: 12 – 15) Hy, die Gees hoor die waarheid by die Vader en die Seun en Hy die Gees, laat ons deel wees van die waarheid, die werke van die Jesus.

Die getuienis van die Heilige Gees is om wat Hy as God die Gees hoor by die Vader en die Seun, ons eie te maak. Wie hoor op so wyse dat Hy getuie van God die Vader en die Seun kan wees? Net die Heilige Gees! Wat hoor en sien die Heilige Gees as getuie? Hy sien die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van die Seun uit die dood as die groot verlossingsdade van die Seun wat die Vader Hom gegee het om te doen.

Wat doen die Gees met wat Hy sien en hoor? Hy sluit ons daarby in en maak ons deel van die werke van die Here vir ons!

Wat kan ons getuienis dan nooit wees nie?

Dit kan nooit 'n manier wees waarop ons die Vader en die Seun sien en hoor en wat die Here doen, ons eie maak nie. Dit kan nooit wees hoe ons getuig nie, want dit is net hoe God die Heilige Gees getuig.

Dit is weer soos daardie kind wat opgewonde vir die onderwysers en kinders kom vertel wat pa op die plaas gedoen het. Dit is 'n blymoedige vertelling oor die groot dade van pa. Dit is nie 'n vertelling waarmee kinders wat pa doen, hulle eie maak asof hulle die eer moet kry van pa se werke nie. Dit doen groter kinders. Dan is dit nie meer 'n blymoedige spontane vertelling nie, dan is dit 'n demonstrasie van eie mag oor hoe sterk jy is omdat jou pa so sterk is. Dan maak jy jou pa se mag en krag jou eie met jou vertelling!

Net die Heilige Gees getuig só dat Hy ons deel maak van en alles wat Jesus gedoen het, ons eie maak. Ons kan nooit soos die Heilige Gees getuig nie.

9. Nou hoe getuig ons dan?

Ons maak God nie geloofwaardig met ons getuienis nie, ons maak niks geldig met ons getuienis nie, ons bevestig niks met ons getuienis nie en ons maak niks ons eie deur ons getuienis nie! Tog getuig ons want in 15: 26 stel die Here dat sy apostels ook moet getuig, hulle oor wat hulle self gesien en gehoor het, maar ons op 'n ander manier wat ons het nie wat Jesus gedoen het self gesien en gehoor nie!

Johannes wys wat ons getuienis is in die boek Openbaring! Dit is om te glo in die God en wat Hy vir ons doen, en dit openlik te bely! Dit is hoe ons getuig! Deur ons openlike geloofsbelydenis in wie Jesus Christus is en die werke wat Hy gedoen het waarby sy Gees ons insluit: sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en verhoring aan die regterhand van die Vader.

Dit is mos presies net wat daardie kleuter doen wat opgewonde by die skool kom vertel en aankondig wat sy pa op die lande gedoen het. Dit is net 'n blymoedige geloofsbelydenis is wie sy pa is en wat sy pa doen! Sommer net uit blydschap, opgewondenheid en dankbaarheid! Sommer net 'n openlike aankondiging van die werke van sy pa!

Dit wil niks van pa geloofwaardig maak, niks geldig maak, niks bevestig en niks eie maak nie! Dit doen pa self en juis omdat dit is wat hy doen, wil 'n kind dit net openlik vertel en aankondig!

Dit is wat Soné en Ewald vanoggend met hulle openbare geloofsbelydenis hier by en voor ons doen! Dit is niks anders as daardie kleuter se blymoedige aankondiging by juffrou en meneer en maats oor die groot werke van pa nie! Niks anders as die blymoedige geloofsbelydenis van die werke van die Here nie. Die werke van die Here wat vir hulle self getuig en waarmee die Here oor Homself getuig.

Die lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en verhoring van die Here waardeur Hy Homself geloofwaardig maak, laat geld, self bevestig wie Hy is en self ons by insluit! Dit is die Here se eie getuienis! Ons getuienis is net ons geloofsbelydenis in sy geloofwaardigheid, wat Hy geldig maak, wat Hy bevestig en ons eie laat wees!

10. Daarom mag u nie vanoggend doen wat nou die praktyk en mode binne die Christelike Kerke is nie! U mag nie soos Jesus Christus kom getuig nie! Dit is die nuwe manier waarop gelowiges nou geleer word om getuies vir God te wees met spesiale lerings, kursusse en skolings oor hoe om getuies soos Jesus vir God te wees! Dit is die absurde van hierdie getuienisbedryf: dit is teen alles wat getuig beteken. Getuig beteken om te sê wat jy gesien en gehoor het. Daarom mag jy nie voorgesê word hoe en wat om te getuig nie. Dit is onwettig en teen alles wat getuig moet wees.

Daarom is dit totaal iets anders. Hierdie vertellings waarin mense opgelei word as sogenaamde getuies, werk presies net net soos die hele advertensiebedryf!

U sien dit elke dag op die TV, op u selfone en op u rekenaars! Mense wat vertel hoeveel hierdie nuwe produk vir hulle beteken en hoe goed hierdie nuwe produk vir hulle werk! En dit word as getuienisse aangebied. Hulle vertel vir jou hoe skoon het hierdie waspoeier hulle klere gewas, hoe kragtig is hierdie kar wat hulle gekoop het, hoe hierdie nuwe pil en kossoort hulle lewe verander het, hoe goed en mooi hierdie nuwe klere hulle laat lyk, hoe gesond hierdie nuwe tandepasta hulle tande maak, hoeveel hierdie vakansieoord in hulle lewe verander het, hoeveel nuwe betekenis hulle in hulle lewe gekry het met hierdie nuwe oefening van die gym en sportklub!

Wat doen hierdie getuienisse in die advertensiewese? Dit gee geloofwaardigheid aan die produk, dit wys die geldigheid en werkbaarheid van die produk, dit bevestig die waarheid wat die vervaardigers oor die produk vertel en dit maak die produk deel van die lewe van die mens!

En nou moet ons soos Jesus oor Jesus getuig!

Jy moet met jou vertellings oor Jesus en wat Hy doen, geloofwaardigheid gee aan Hom en sy werke! Jy moet met jou vertellings oor Hom wys hoe geldig en effektief Hy en sy werk is, jy moet met jou vertellings bevestig dat Hy waarlik is wie Hy is en sy werke doen wat dit doen. Jy moet vir die waarheid van God instaan met jou vertellings oor hoe dit jou manier van dink, voel en ervaar verander het. Jy moet vertel hoe jy Jesus jou eie gemaak het en hoeveel dit vir jou in jou lewe beteken!

En met hierdie getuienis maak jy God vir ander mense geloofwaardig, geldig, bevestig jy die waarheid van God in hulle lewe en maak jy god deel van hulle lewe. Net soos met waspoeier, pille, bakkies, karre, klere, kos, sport en ontspanning!

11. Wat is fout?

Dit is presies wat die Fariseërs wou wees teenoor Jesus. Hulle wou die mense wees wat die waarheid, geldigheid en betroubaarheid van die Christus bevestig deur Hom te toets aan hulle eie vroomheid en geestelike ervarings oor hulle self. Hierdie is nie meer getuienis nie. Dit is nou die bemarking van God deur ons vertellings oor hoe baie dink ons van God, hoe baie voel ons vir God en hoe wonderlik ervaar ons God!

Dit terwyl net Christus en die Gees die Vader gesien en gehoor het! Net Christus kan getuig oor wat Hy van die Vader gesien en gehoor het, want net Hy is God saam met die Vader! Terwyl net die Heilige Gees kan getuig van wat Hy gesien en gehoor het van die Vader en die Seun!

Net Christus is só die geloofwaardige getuie! Net Hy is geloofwaardig deur sy verlossingswerke! Net Hy maak Homself en sy werke vir ons geldig! Net Hy bevestig

die waarheid van sy verlossingswerke en net Hy gee ons die Gees wat ons insluit en laat deel in sy verlossingswerke!

Die fout is dat hierdie bemarking van God met stories oor hoe ons oor God dink, hoe en hoe ons God beleef, wil ons soos Christus getuig! Ons wil aan God en sy verlossingswerke geloofwaardigheid gee, geldigheid gee, die waarheid daarvan bevestig en dit ons eie laat wees, terwyl net Jesus so oor Homself getuig!

Wat doen die Here met al hierdie vertellings van mense oor hoeveel God vir hulle beteken en hoe besonders hulle God beleef? Luister nou weer na die woorde van die Here!

“Ek aanvaar egter nie die getuienis wat van ’n mens afkomstig is nie ... Maar Ek het ’n groter getuienis as dié van Johannes: Die werke wat die Vader My gegee het om te voltooi, ja die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.”

Wat aanvaar die Here wel? Ons geloofsbelydenis waarmee ons verklaar hoe ons glo in wat Hy getuig oor Homself! Ons geloofsbelydenis is hoe ons met blydskap sommer net vertel van sy groot verlossingsdade. Ons is nooit besig om God vir die wêreld te bemark nie!

Kom ons gee vir Soné en Ewald geleentheid om hulle geloof in die Here en sy groot verlossingsdade openlik te bely saam met ons en só vir God te getuig! Ons vertrou in Hom wie oor Homself getuig! Self geloofwaardig is, Homself in sy verlossing laat geld, self die waarheid van sy verlossing bevestig en dit self deel van ons lewe maak!

Ons wil oor Hom getuig en nie soos Hy getuig nie! Kom ons bely ons geloof in die Here Jesus Christus!